

Die komkommerplant in goeie grond

Teks: Jona 4 : 1 - 11

Teksvers: Jona 4: 10 & 11

1. Inleiding

Geliefdes dikwels is ons leer en lewe so ver verwyderd van mekaar. En natuurlik is dit dikwels die gevolg van ons sondige wegdryf van die Here af. Hierdie wegdryf is 'n gevolg van nie genoeg moeite doen met die woord van die Here nie. Dikwels in ons besige skedule, maak ons nie tyd om voor die Bybel stil te raak nie. En dan wanneer ons wel die Bybel bestudeer, voel dit soms ver en moeilik om sin te maak van. Veral seker teksgedeeltes.

Een so 'n teksgedeelte is Jona 4, sekerlik die moeilikste hoofstuk in die boek Jona. Want in hoofstuk 4 word die hele boek as 'n ware saamgevat. Maar dan is die dit nie net die hoofstuk nie, ook veral die einde wat ons teksverse vorm vandag, is moeilik verstaanbaar. Duidelik sluit hierdie laaste twee verse die hoofstuk op 'n klimaks af. Maar wat openbaar hierdie samevattende afsluiting dan oor die boek Jona. Maar meer spesifiek oor die Here en Sy optrede teenoor sondige mens.

Maar dit is uiteindelik ook nie net wat in die boek van Jona gebeur nie wat vrae skep nie. Ons weet dat die stad Nineve wel in 612 v.C. verwoes is. En natuurlik is dit ook 'n profesieë wat vervul is.

Dit het verskeie verklaarders al gelei om juis die maar aan die begin van vers 12 weg te laat. Natuurlik is hier 'n argument voor, omdat dit nie in die grondteks voorkom nie. Die stel dan eerder 'n kontras tussen die barmhartigheid van die Here en die barmhartigheid van Jona. Selfs wanneer ons die maar in die afrikaanse vertaling weglaat is dit duidelik sigbaar. Dan lees vers 12 "Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie" verskriklike woorde van die Here.

Maar is daar nie 'n ander beter verduideliking nie?

2. Die regverdigheid van die Here

Ons teksgedeelte begin met die ontevredenheid van Jona. Maar waarom, is hy dan nou eintlik ontevrede. Die res van hoofstuk 4 maak dit vir ons duidelik. Jona is kwaad omdat die profesie wat hy oor die stad Nineve uitgespreek het, nie in vervulling gegaan het nie. Nou, aanvanklik lyk dit of Jona hier kleinlik optree, of hy net gefokus is op sy eie eer wat aangetas is, omdat sy profesie nie waar word nie. Trouens ons sien dat hy in vers 5 uit die stad uitgaan, maar van 'n verte af wil kyk wat gebeur in 'n laaste hoop dat die profesie tog vervul sal word.

Maar dit is uiteindelik nie hierdie gebroke eie eer wat Jona se worsteling

veroorsaak nie. Want vra maar vir enige prediker vandag of hy nie in ekstase sous wees, indien sy boodskap so ter harte geneem word nie. Nee, Jona se worsteling is die feit dat die Here skynbaar nie regverdig is nie. Dat God nie in Sy toorn die sonde straf nie. Natuurlik veral die sonde van die mense in Nineve, wat sleg is en nie die Here eer nie. Mense wat uiteindelik ook nie die volk Israel gunstig is nie.

Miskien is dit juis hier waar die teks iets ongemaklik oor onself openbaar. 'n Diepe oortuiging, van ek kan nie wag dat die Here hulle straf nie. Is ons almal nie maar bewustelik of onbewustelik soms besig met hierdie tipe geestelike oorlogsvoering nie. Die idee dat die Here my vyande moet straf en vernietig. Weerhou ons nie doelbewus die evangelie in omstandighede en situasies, met die einddoel dat mense hulle nie bekeer nie, en vernietig kan word? Vlug ons soos 'n Jona van ouds maklik na Tarsis?

Maar wanneer ons dit doen, bring die absolute regverdigheid van die Here ons soms voor die probleem, dat onself ook eintlik eerder moet sterf, soos Jona se versoek in vers 3 en 8.

3. Die genadigheid van die Here

Tog is een saak wat uiteindelik soos 'n goue draad deur hierdie gedeelte loop die genadigheid van die Here. Jona getuig uiteindelik al daarvan in vers 2. Hy wil nie die woord wat lewe gee in Nineve gaan verkondig nie, want die Here sal genadig wees. Jona erken dat Hy die Here ken as barmhartig,

lankmoedig en vol liefde in vers 2. Selfs in die handeling met Jona self in die boek is die Here genadig. Hy laat nie die skip na tarsis heeltemal vergaan nie. Ook Jona verdrink nie eenvoudig in die see nie, maar word deur die vis gered.

Maar dit is uiteindelik juis hierdie genadigheid van die Here wat vir Jona, 'n worsteling word. Want in die genadigheid, red die Here eerstens die ander mense op die skip na tarsis. En dit is duidelik nie mense wat in hom geglo het nie. Natuurlik gebeur dieselfde met die mense in Nineve. Dit lyk vir Jona op die oog af of die Here se genade, Sy regverdigheid heeltemal uitkanseleer.

Die Here se genade is ook duidelik sigbaar in die beeld wat Hy kies om met Jona te onderrig. Hy beskik 'n plant om Jona te beskut. Daar is tog baie ander manier waarin die Here Sy openbaring aan Jona kon maak. Maar hier kies die Here om juis die persoon wat in opstand tot Hom is fisies te beskerm.

Ken ons nie ook die genade van die Here nie. Hy wat Sy eniggebore Seun stuur na die aarde om ons te verlos. Te verlos van die ewige dood, wanneer ons Here Jesus Christus die dood in ons plek aan die kruis kom dra en oorwin. Maar tog bly die vraag dikwels by ons ook, of mense nou maar kan lewe soos hulle wil, want almal is mos in Christus gered. Maar dit is nie waar nie. En uiteindelik is dit hier waar die boek Jona ware wysheid aan ons openbaar.

4. Ons onvermoë

In die laaste punt fokus ons op die komkommerplant of wonderboom. In die verduideliking in ons teksvers, stel die Here die komkommerplant gelyk aan die stad Nineve. Ons sien dat ons teksverse handel oor die vernietiging van beide. En daarom is die sleutel tot die verklaring van hierdie moeilike twee verse, die gelykenis van die saaier wat ons aantref in Matteus 13, Markus 4 en Lukas 8. Kom ons verduidelik

Die komkommer- of wonderplant is deur die Here in genade gestuur. Tog is die duidelik dat Jona nie enige versorging daarvoor aanvaar het nie. Hy het dit as vanselfsprekend aanvaar. Uiteindelik is die komkommerplant soos die saad wat nie in goeie grond geval het nie. Dit het nie 'n lang lewe nie. Uiteindelik is dit ook duidelik dat die Here die die wurm laat kom het om die plant te vernietig. Met ander woorde om die oordeel oor die plant te vel. Op 'n manier kan ons sê dat die Here Sy genade aan Jona onttrek het.

As ons dan na die stad Nineve kyk, sien ons ook 'n baie mooi bekering en vasdag. En aanvanklik lyk dit dan of hierdie mense bekeer is tot die Here, en Hy hulle dan spaar. Tog is hierdie bekering waarskynlik ook maar soos die saad op die klipbank, wat aanvanklik vinnig groei maar nie diepte het nie. Uiteindelik sou die inwoners van Nineve weer terugval in hulle sondige weë. En daarom is die stad uiteindelik jare later tog verwoes.

Wat hieruit duidelik is, is die onvermoë van die mens. Selfs wanneer die Here

nog genadetyd aan die mens gee om tot bekering te kom, is hy nie in staat om dit te doen nie. Daar is uiteindelik net een manier waarop die mens gered kan word. En dit is die verlossing in die sterwe en opstanding van Christus. Waar Christus in ons plek die regverdige oordeel ontvang. Maar dan ons in genade deel maak van die oorwinning oor die sonde. Op hierdie manier is die Here genadige en red ons uit ons onvermoë.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur die volgende lesse uit hierdie gedeelte saam te vat. Want daardeur kan ons ook die leer prakties maak in ons alledaagse se lewe. Eerstens is dit duidelik dat die Here se regverdigheid dieselfde is vir almal. Maar dat Hy genade betoon aan die wat Hy wil. In ons menslikheid wil ons dikwels korrup optree, ook in ons geloof. Maar by die Here is daar nie baantjies vir boeties, nepotisme of enige ander familie en vriende voordele nie. Hy veroordeel sondige optrede, maar red in genade wie Hy uitverkies.

Tweedens moet ons nie die genadetyd en lankmoedigheid van die Here miskyk nie. Ons moenie die Heilige Gees bedroef nie, maar Hom juis gehoorsaam. Wanneer ons deur die Gees gely word om op die pad van die geloof te groei, om meer en meer tot eer van die Here te leef, moet ons dit met albei hande aangryp. Want daar sal 'n dag kom wanneer die genadetyd verby is, en die Here Jesus Christus sal terugkeer na die aarde.

Vierdens moet ons altyd bewus bly dat ons saam met die res van die sondaars, aan die verkeerde kant van die kruis staan. Ons is niks beter as enige ander sondaar nie. Maar in Christus het die Here aan ons genade bewys. En daarom kan ons vandag leef tot Sy eer en verheerliking. Laastens is dit natuurlik onmoontlik om die missionêre boodskap in Jona mis te kyk. Ons moet voortdurend besig wees om die evangelie te verkondig waar ons ook al gaan. Dit is juis so broodnodig in hierdie moeilike tye waarin ons vandag leef.

Amen.